# *Wat Is Die Werke Van God?*

Dankie. Die Here seën julle.

2 Ek het net daaragter gesit, daardie boodskap, miskien, net soveel geniet, soos julle dit hier sit en geniet het, ons broer hoor praat van die werke van die Heilige Gees. Ek wil graag daarvan hoor, dis waarin ek glo.

3 Ek het hom hoor aankondig dat hulle môre gebedskaartjies gaan uitdeel. Dit sal omtrent, tussen ses en sewe môre-aand wees, vir diegene wat voor gebid wil word, om te kom en 'n gebedskaartjie te kry, sodat ons net die mense een vir een kan oplyn. Dit doen iets wat 'n—'n persoon, wanneer hulle 'n gebedskaartjie kry, hulle is net omtrent, ek reken, tagtig persent genees net daar, sodra hulle daardie kaartjie in hulle hand kan hou, net iets om aan te raak.

4 Broer Bosworth het dit eenkeer vir my gesê. Hy het gesê... Hy het die kaartjies vir my uitgedeel. En dis soort van moeilik vir 'n prediker om dit te doen, julle weet, want hy het baie vriende. En hy—hy het gesê: "Wanneer jy vir hulle 'n kaartjie gee," gesê: "is hy tagtig persent gesond, net daar. Sodra hy daardie kaartjie kry, is hy op sy pad."

5 Herinner my net aan eenkeer, ek dink dit was onder in Georgia, was daar 'n dametjie, dit was baie vol in die ouditorium, en daar het 'n vroutjie op die voorste sitplek gesit, net 'n tipiese, klein, suidelike moedertjie, en sy het medelye met 'n vrou gehad wat rondgeloop het met 'n babatjie in haar arms, en daar was geen, nie eers skaars staanplek nie. So, sy het gedink dat... gesê dis waarom sy so jammer gevoel het vir die vroutjie. So, sy het gesê die Heilige Gees het vir haar gesê: "Gaan, bid vir daardie baba."

6 "O," het sy terug gesê: "wat Dit ook al was wat met my gepraat het: Ek sal nie vir daardie baba bid nie, daardie moeder het 'n gebedskaartjie wat sy so pas ontvang het, Broer Branham sal vanaand vir daardie baba bid as dit in die gebedsry geroep word." En gesê: "Ek—ek sal nooit vir daardie baba gaan bid nie."

En die Heilige Gees het gesê: "Gaan bid vir daardie baba!"

7 En dit het so sterk op haar hart gebly, dat sy nie van daardie oortuiging kon ontslae raak nie. So naderhand, het sy gedink: "Wel, ek sal vir die vrou my sitplek gee, sodat sy kan gaan sit met die baba, en dit sal my 'n geleentheid gee om dit miskien uit my kop uit te kry."

8 En so, julle weet, dis altyd die beste om gehoorsaam te wees aan wat die Heilige Gees sê om te doen, moenie terugpraat nie,

net gehoorsaamheid. Jy mag nie verstaan waarom nie, maar doen dit, in elk geval. As dit die Heilige Gees is, God is altyd reg.

9 So toe, toe die vroutjie weer verbygegaan het, het sy opgestaan, en gesê: "Suster, verskoon my," gesê: "ek sien jy het 'n siek baba daar."

10 Sy het gesê: "Ja, dis—dis baie erg. Dis . . . " iets, ek vergeet nou wat verkeerd was daarmee net op daardie tyd. Sy het gesê: "Dis baie siek." En gesê: "Ons het dit gebring, sodat Broer Branham, dalk miskien, daarvoor sou bid."

Gesê: "Ek sien jy het 'n gebedskaartjie."

Sy het gesê: "Ja, ek—ek hoop dat dit in die gebedsry geroep sal word vanaand."

11 En sy het gesê: "Skat, sou jy wees, siende dat jy 'n Christen is, sal jy my net die geleentheid gee om my siel te verlos van 'n las wat die Heilige Gees op my plaas?"

Sy het gesê: "Wel, gaan net voort. Wat is dit?"

12 Gesê: "Die Heilige Gees wil hê ek moet vir daardie baba bid." Gesê: "Sal jy omgee as ek net daarvoor bid, om dit uit my kop uit te kry?" Gesê: "Ek het jou dopgehou vir omtrent 'n halfuur." Gesê: "As jy my dit sal laat doen, sal ek jou my sitplek hier gee."

Sy het gesê: "Wel, jy—jy hoef my nie die sitplek te gee nie, skat." Gesê: "Sekerlik, bid vir die baba."

13 En die moedertjie het haar hande op die babatjie gelê, en net 'n paar woorde van eenvoudige gebed gesê. En sy het haar die sitplek gegee, en sy het opgegaan in die balkon, o, miskien iets soos hierdie, omtrent twee of drie balkonne hoog, en daar was 'n man daarbo wat net die dame gesien en gesê het: "Neem *hierdie* sitplek."

14 Wel, omtrent vyf, tien minute daarna, het ek ingekom en 'n paar oomblikke gepraat, en ek het gesê: "Ons sal nou die gebedskaartjies roep." Ek het gesê: "Nou, gisteraand, het ons by 'n sekere plek geroep, ons sal vanaand op 'n ander plek roep." En so, wat die Here ook al in my gedagte geplaas het, waar dit was, meeste van julle ken die diens, en dis waar ek geroep het.

15 En dit het so gekom dat die moedertjie so bly was, omdat haar baba omtrent tweede of derde in die ry was. So soos sy opgekom het voor die platvorm om voor gebid te word . . . Natuurlik, die enigste manier wat ek dit kry is op band, julle sien, want dis 'n visioen, nadat dit verby is, bedoel ek, dis hoe ek dit verstaan. Toe het die Heilige Gees vir die vroutjie gesê, vir haar gesê wie sy was, en gesê: "Jy het jou baba vir 'n sekere rede." En dit was reg, het sy gesê. Maar gesê: "Die baba is alreeds genees, die seën is op die baba. Daar was 'n vroutjie, wat sekere kleur hare het, wat 'n klein, geruite rokkie dra," gesê: "dis sy wat bo in die balkon sit, net *daar*bo. Die Here het pas die baba genees."

16 Sien julle hoe die Heilige Gees werk? Daardie vrou het gedink omdat ek die evangelis is, o, ek die mag het om die genesing te doen, en dit behoort ek te wees, maar, sien, ek kon nie medelye hê met daardie baba soos daardie moeder kon nie. En die Heilige Gees het nie vir my gekies om vir die baba te bid nie, Dit het die moedertjie gekies om vir die baba te bid, en God het geëer, en daardie baba genees, en dit het absoluut gesond geword, ons het sy getuienis ontvang. Sien, dit betaal om gehoorsaam te wees. Wat die Gees sê om te doen, doen vinnig.

17 Nou vanaand, het ek geluister na Broer du Plessis dat hulle nog nie gebedskaartjies uitgedeel het nie. Maar hulle. . .Ek mag sommige daarvan verduidelik, sodat wanneer ons die diens begin, julle sal weet net wat om te doen en wat daarvan. Voor dit, vir my deel van die diens, wil ek die horlosie dophou, en ek sal julle nie te lank hou nie.

En laat ons net ons hoofde buig vir 'n oomblik, vir gebed.

18 Here, ons is dankbaar teenoor U vir die voorreg wat ons het om te kom in die Naam van U Seun, die Here Jesus. En ons is seker dat U ons gebede verhoor, omdat Hy gesê het: "Julle die Vader enigiets in My Naam vra, sal Ek dit doen." Ek. . .Ons glo dit, Here, dat dit die waarheid is.

19 En ons bid dat U 'n platvorm sal lê om vanaand te preek vir 'n groot komende genesingsdiens, dat baie van U siek kinders wat sterwend is aan hartprobleme, kanker, en tuberkulose, tuberkulose wat die dokters opgegee het, verby mediese hulp, en enigste wil, manier wat hulle kan lewe, is deur U genade. En mag dit gegee word vir hulle, Here.

20 Help ons soos ons die Woord lees. Mag die Heilige Gees Dit diep in ons harte plant. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

21 Ek wil twee plekke lees, dink ek, in die Skrifte, een van hulle word gevind in Johannes die—die 10de hoofstuk en die 14de vers, dink ek is dit, verskoon my, 37ste vers. Jesus wat praat:

> *As Ek nie die werke van my Vader doen nie, moet my dan nie glo nie.*

22 En in Johannes 14:12, Jesus wat praat:

> *Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, Hy wat in my glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen;. . .*

23 Ek wil graag hierdie vraag vra om te baseer waaroor ek wil praat vir die paar oomblikke: *Wat Is Die Werke Van God?* Dit was, soveel keer dat daardie vraag beantwoord is, of gevra is, liewer. "Wat is die werke van God?" Ek glo dit is vir Jesus gevra, wat die werke van God was, sodat hulle mag weet wat dit was, om dit te doen.

24 Ek sou vind, vanaand, in die sluitingsure van hierdie wêreld se geskiedenis, en die wêreld, in die verwarring waarin dit is, ook godsdienstig gesproke, dat dit goed sou wees vir ons om te weet,

uit die Skrif, wat die werke van God is. Hoeveel in hierdie sigbare gehoor wil graag weet wat die werke van God is? Ons mag weet sodat ons hulle kan doen.

25 Ek glo waarlik dat die werke van God baie fases daaraan het: Ek glo die Kerk is die werke van God, Ek glo sendingwerk is die werke van God, evangelisasie is die werke van God, en bo alles, is siele red die werke van God, Goddelike genesing is die werke van God, en die gawes van die Gees is die werke van God. Dit kon oor baie verskillende uitlate gepraat word.

26 Nou, ons wil graag weet dat die profeet in die Skrif gesê het: "Daar sou 'n dag kom wat dit nie dag of nag beskou sou word nie, maar in die aand, sal dit Lig word." En ek glo daar was 'n lied wat een of ander digter eenkeer gemaak het: *Die Lig In Die Aandtyd*.

27 Beskawing het beweeg, geografies, dit het begin in die ooste en dit het weswaarts gekom totdat ons nou by die Weskus is. Een aand hierdie komende week, as die Here wil, wil ek graag praat oor *Wanneer Die Ooste En Die Weste Ontmoet*. As ons enigsins verder gaan, gaan ons weer ooswaarts, want ons gaan reg rondom die—die kontinent, om die aardbol.

28 Nou, vind ons dan dat die Seun [Afr. "Son"—Vert.] van Lig opgekom het in die Ooste, die Seun van God, en die Seun het deur hierdie tydperk beweeg wat die Christentydperk genoem word, en nou glo ons dat die Seun ondergaan. As julle net kon, en ek weet julle kan, julle nuusberig hoor, en—en koerante, ensovoorts, dat julle sien waar beskawing ons gebring het na hierdie atoomeeu, ensovoorts, totdat ons die son van beskawing sien ondergaan; die Seun, die Lig van die Kerk gaan onder.

29 Nou, ek glo dat wanneer die son begin skyn op die oosterse horison, dit dieselfde son is wat ondergaan op die westerse horison. Ons het tweeduisend jaar gehad, die kerkdag, en in hierdie tweeduisend jaar, het ons...was dit 'n dag wat die profeet gesê het dit nie dag of nag was nie, dit was 'n somber dag.

30 Ons het genoeg Lig gehad om groot dinge vir die Here te doen, om in Hom te glo, Hom te aanvaar as ons persoonlike Verlosser, en om groot kerke te hê, en groot skole, en groot predikers voort te bring vir die Koninkryk van God, baie welsynswerk gedoen, ensovoorts, maar tog, het ons nie die Lig gesien net soos Dit aan die begin was nie, tot net onlangs, die laaste dertig jaar, of veertig.

31 Die Lig het uitgekom, en dieselfde Heilige Gees in dieselfde beweging wat Dit die eerste Kerk in die ooste beweeg het, op die oosterse mense, het gekom op die ondergangtyd op die westerse mense wat dieselfde Evangelie bring, dis te sê die volle Evangelie, en die volheid van die krag van die opstanding van Jesus Christus, en ons lewe in die ondergang van die Seun.

32 En die Evangelielig, soos dit gekritiseer en bespot is aan die begin van sy eerste skyntyd op die oosterse mense, sal dit dieselfde soort kritiek ontvang soos dit ondergaan op die westerse mense. Maar dieselfde Jesus wat die mense geseën het in die ooste deur Sy persoonlike verskyning, seën hulle in die vorm van die Heilige Gees op die westerse mense. "Ander skape het ek, nie van hierdie kudde nie," het Hy gesê, in gesprek met die Jode.

33 Maar nou, in die Skrifte lees ons, ook, dat daar geskrywe staan dat "Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid," dis Hebreërs 13:8, dink ek, dat Christus dieselfde is. As Hy dan dieselfde Jesus is wat in Galiléa was, en Hy dan hier is in die vorm van die Heilige Gees, in Kalifornië, moet Hy dieselfde wees in beginsel, dieselfde in krag, dieselfde in gesindheid, net dieselfde Jesus, net Hy's in Geestelike vorm besig om te werk deur 'n kerk of 'n groep gelowiges, wat Homself manifesteer op dieselfde manier wat Hy het deur een liggaam, God, gemanifesteer in vlees in die Seun, wat Jesus genoem word, as Hy dieselfde is.

34 Daardie dae, was God in Sy Seun, Jesus, wat Homself aan die wêreld gemanifesteer het, wat Hy was, en vandag is Hy in, deur Sy dood, begrafnis, en opstanding, en ons regverdigmaking om dit te glo, manifesteer Hy Homself aan ons in menslike vlees, ons vlees, deur die Heilige Gees, soos ons onsself kan oorgee aan daardie Heilige Gees.

35 Nou, daar is die ding: om te weet hoe om jouself oor te gee. En party mense is in die kerk geplaas, party kan hulleself oorgee aan prediking, party kan hulleself maklik oorgee aan onderrigting, party kan hulleself oorgee aan profeteer, party kan hulleself oorgee aan ander gawes, sodat al die gawes nie dieselfde sal wees nie; hulle was nie tóé dieselfde nie, Paulus het gesê hulle was nie. Maar elke mens word geroep en in die kerk geplaas vir 'n doel, en as jy sal uitvind waar God hom die beste kan gebruik, en homself oorgee aan daardie plek, sal hy 'n sukses wees. [Broer Branham maak sy keel skoon—Red.] Verskoon my.

36 My vinger sou nooit die plek van my oor kon neem nie, maak nie saak hoeveel dit probeer het nie, my mond sou ook nie die plek van my oog kon neem nie, maar elke lidmaat weet wat dit kan doen, en almal van hulle wat saam koördineer, laat die liggaam beweeg. En as hierdie kerk dit net kan sien! As julle net kan sien dat dit koördinasie verg, dit verg samewerking met die hele Liggaam van Christus! Julle Metodiste, Baptiste, Katolieke, Pinksters, wat julle ook al is, ons is verdeeld, by wyse van—van denominasie, maar in Gees, en in hart, en in beginsels, behoort ons nooit verdeeld te wees nie, ons behoort altyd een te wees.

37 Die man mag dalk net van my verskil, almal van hulle doen dit amper, maar dit stop my nie. Die liefde vir die broer, hy werk

so goed as wat hy kan, en miskien wil God hê hy moet dit doen, dan as Hy wil hê hy moet dit op daardie manier doen, goed. Miskien bid een vir die siekes, laat hulle deur die ry gaan en lê hande op hulle, die ander een gooi olie oor hulle, wat God ook al die man geroep het om te doen, goed, dis wonderlik.

38 Nou, as ons kan uitvind wat Jesus was toe Hy in Galiléa was, dan, as Hy in Los Angeles is vanaand, sal Hy doen, en optree, en wees soos Hy toe was, of dit sou 'n ander Jesus wees as wat dit toe was. Hy moet dieselfde wees op elke manier, maar werk deur julle vlees en my vlees soos Hy, God het deur Christus gewerk, of, Jesus se vlees in daardie dag.

39 En die Bybel het belowe dit sal Lig word in die aandtyd. Broer du Plessis, met sy boodskap 'n paar oomblikke gelede, het gesê later in die week, sou hy die Skrifte daarby sit. Elke beweging wat ons maak behoort Skriftuurlik te wees. Ek glo dat dit SO SPREEK DIE HERE moet wees, dan kan ek my siel aan daardie fase hang en weet dat dit waar is.

40 Nou, as ons kan uitvind wat die werke van God was om Jesus Christus gister te manifesteer, dan behoort ons te sien wat Sy manifestasie is, vandag behoort te wees soos dit toe was. Nou, die eerste ding om my tyd kort te hou en te spaar, Jesus het nooit aanspraak gemaak om 'n Goddelike geneser te wees nie, ons is almal bewus daarvan. Jesus het gesê: "Die Seun kan niks uit Homself doen, behalwe wat Hy die Vader sien doen nie," Johannes 5:19.

41 Toe Hy deur die bad van Betésda gegaan het, of, daardeur, was daar 'n groot skare mense, verlam, blind, kreupel, verdraaid, verdor, wat wag vir die beweging van die water, en hier gaan Jesus verby onder daardie mense, gaan verby die verlamdes, kreupeles, blindes, en verdordes, gaan oor na 'n man toe wat op 'n matbedjie lê.

42 Weet party van julle mense hier wat 'n matbed is? Wel, dis party . . . Ek is grootgemaak op een. Dis net 'n deken by die deur, waar dit koel is; ek's 'n suiderling. En so, dis wat 'n . . . Ek sou dit 'n matbed noem. Hulle het hom daar laat lê.

43 En let op, Jesus wat verby daardie hele skare gegaan het, vol medelye, het na hierdie een man toe gegaan, en vir hom gesê: "Wil jy gesond gemaak word?"

44 En hy het gesê: "Ek het niemand om my in die water te sit nie." Nou, hy was nie kreupel, blind, verdor nie, hy het 'n lang siekte gehad, hy het al vir dit agt-en-dertig jaar gehad, dit sou hom nie doodmaak nie. So, hy het gesê: "Ek het niemand om my in die water te sit nie. Maar terwyl ek afkom, loop iemand voor my in."

45 En Jesus wat geweet het, Hy het na hom gesoek, die Vader het Hom gewys waar hy was, hoe hy gelyk het. "Want voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen,

behalwe wat Hy die Vader *sien* doen nie, dit doen die Seun ook net so." En Hy het hierdie man gesien, en geweet hy het aan die beskrywing voldoen. En Hy het gesê: "Neem jou bed op en gaan in jou huis in," en wegbeweeg van die skare. Hy is ondervra.

46 Hoe sou Hy vandag ondervra word as Hy dit in Los Angeles gedoen het? Wat sou gebeur as Hy so-iets soos daardie vandag gedoen het? Maar dit was Jesus gister, dit sou Jesus vandag moes wees as Hy dieselfde is vandag.

47 Maar laat ons oplet wat Hy gedoen het, Sy Messiaanse teken te doen. Nou, genesing van die siekes was nie presies die teken van die Messias nie, enigiemand weet dit. Genesing van die siekes is nie die teken van die Messias nie, want die profete het die siekes al vir jare genees, voor die Messias gekom het.

48 En in hierdie laaste dae, is die genesing van die siekes in hierdie groot herlewing van Goddelike genesing nie een van die besondere tekens van die koms van Jesus nie, want ons het Goddelike genesing deur die tweeduisend jaar gehad vanaf die vertrek van die Messias by Pinkster, of Jerusalem, en Sy terugkeer. Maar daar was 'n teken wat die teken van die Messias was, en die afsluiting van die tydperk.

49 En onthou nou, Hy het na Sy Eie toe gekom, nie die Heidene nie, Hy het na Sy Eie toe gekom, want hulle het gesoek na 'n Messias; Hy sal net kom na hulle wat na Hom soek. Hy sal net diegene red wat gered wil word, Hy sal net diegene genees wat glo dat hulle genees gaan word, Hy forseer nooit Homself nie, jy moet dit doen. Jy's op die basis van vrye morele agentskap, jy is daarop geplaas in die tuin van Eden om jou keuse te maak. Maar Hy het na Sy Eie toe gekom.

50 Nou, volgens die manier wat ons die Skrifte sien, het alle menslike wesens van een boom af gekom, Adam. Na die sondvloed-vernietiging, daar het die vloed gekom en—en al die menslike wesens vernietig behalwe die drie seuns van Noag en hulle families, daaruit het elke volk in die wêreld vandag ontstaan: Gam, Sem, en Jafet, en dis Jood, Heiden, en half Jood en Heiden, die Samaritaan in Sy dag.

51 Nou, toe Jesus Homself bekendgemaak het aan die Jood, laat ons net in die Skrif kyk en kyk wat Hy aan die Jood gedoen het om Homself bekend te maak as Messias. Ek het gelees uit die Boek van Johannes, laat ons net Johannes neem, die 1ste hoofstuk, en soos ons lees, vind ons uit nadat Hy versoek is in die woestyn, uitgekom het, Hy was gesalf met die Heilige Gees, was in Hom: "Johannes het getuig, God sien neerdaal uit die Hemel soos 'n duif, 'n Stem wat sê: 'Dit is My geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het om in te woon.'"

52 En Hy het in Christus gewoon, God, Jehova, die Vader, het in Sy Seun gewoon, Jesus Christus, daar getabernakel, Homself gemanifesteer, die wêreld te wys wat Hy was. Dis waarom

die dissipels Hom nie kon verstaan nie, hulle sê: "U praat in raaisels." Dit was partymaal Jesus wat gepraat het, partymaal die Vader wat gepraat het.

53 Dis hoe dit is met jou as jy gevul is met die Heilige Gees. Enigiemand wat gevul is met die Heilige Gees sê dinge wat hy kwalik weet partymaal wat hy sê as hy waarlik weggevoer is in die Gees.

54 Wat van julle mense met die gawes van tale? Sien? Wat is enige ander inspirasie? As dit in Engels is, en nie in 'n onbekende taal nie, is dit steeds inspirasie en jy spreek dit. Ek het tye gehad waar ek so geïnspireer sou word deur die Gees, ek goed sou sê en goed neerskryf wat ek nie eens geweet het ek het nie. Julle het, ook, sonder twyfel. Dis die werke van die Gees.

55 Nou, ons sal oplet hoe Jesus Homself gemanifesteer het. In Johannes daardie 1ste hoofstuk, soos ons aangaan, vind ons daar was 'n man met die naam van—van Simon Petrus; ons het hom dit genoem. Sy eerste naam was Simon, toe het Jesus hom die naam van Petrus gegee. En hy het na die Here Jesus toe gekom, en hy was 'n onkundige man, die Here het geweet hy was onkundig. Die Skrif sê hy was onkundig en ongeleerd, kon miskien nie eens sy naam teken nie, hy was 'n visserman.

56 En sy broer het hom gevind, en gesê: "Kom, kyk wat ons gevind het, of, vir Wie ons gevind het!"

57 En soos hy in kontak gekom het met hierdie Man Wat aanspraak gemaak het om die Messias te wees, sodra Hy hom gesien het, het Hy gesê: "Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jona."

58 Wat het Hy vir Petrus gesê? Dat. . .Petrus was die hoof van die Kerk; Hy het vir hom gesê dat hy sou weet sonder 'n sweempie twyfel, dit was die Messias. En ek wonder wat hy gedink het, daardie onkundige visserman, toe hy geweet het dat Jesus hom nie geken het nie, en Hy het gesê wie jy is, en wat jou vader se naam is. Dit het hom verstom.

59 Een wat daar gestaan het, 'n bekeerling met die naam van Filippus, hy neem oor. . .Hierdie gaan voort in die 1ste hoofstuk. Hy gaan om die berg om sy vriend, Natánael te vind, baie stoere Christen gelow-. . ., of, ortodokse gelowige. En ons. . . Hulle moes hom onder 'n boom gekry het, besig om te bid. En hy het vir hom gesê: "Kom, kyk vir Wie ons gevind het, Jesus van Násaret, die seun van Josef."

60 Wel, natuurlik, hierdie man wat 'n goeie man is, nie rondgeslinger deur elke wind van doktrine nie, hy—hy, ek bewonder hom, hy het gesê: "Nou, kan daar enigiets goeds uit Násaret kom?"

61 En ek dink dat Filippus hom die beste antwoord gegee het wat enigiemand hom kon gee: "Kom kyk." Moenie by die huis

bly en dit kritiseer nie, kom, kyk daarna, en kyk of dit reg is, ondersoek dit met die Skrifte.

62 Want hulle het geglo dat daar 'n God-Profeet sou opstaan. Glo julle dit? Moses het gesê: "Die Here julle God sal 'n Profeet oprig soos wat ek is." En hulle het geweet dat wanneer hierdie Messias kom, dat Hy 'n Siener, 'n Profeet sou wees.

63 En so, sonder twyfel het Filippus hom vertel, soos hulle gegaan het om Jesus te vind: "Wel, jy weet daardie ou onkundige visserman met die naam van Simon? Wel, sodra hy in Sy Teenwoordigheid ingestap het, het Hy geweet wie hy was!' En hy het gesê: 'Wel, hoe kan hierdie Man my ken?' En dit bewys dat Hy die God-Profeet is, Hy's die Een waarvan Moses gepraat het. Ons het Hom gevind, die Een waarvan Moses en die wet gepraat het! Kom, kyk self." Dis goed. Ek hou daarvan.

64 Moenie net by die huis bly en kritiseer nie. Kom vind uit of. . . Dit beteken die verskil tussen dood en Lewe. As dit nie reg is nie, moet dit nie glo nie; as dit reg is, glo dit dan, ondersteun dit. Dis wat ek altyd vir die mense probeer sê het: As Christus Christus is, as hierdie seën van die Heilige Gees van God is, laat ons dit ondersteun met alles wat ons kan en Sy leiding volg; as dit nie is nie, los dit uit. Dit sal Ditself bewys volgens die Woord. "Want elke plant wat God nie geplant het nie, sal ontwortel word," die Skrif sê so.

65 Nou, ons vind hierdie soort van 'n—'n kritieke toestand waarin Filippus beland het, of, Natánael beland het, nadat sy vriend hom vertel het, dat. . . Wel, ek reken hy het iets soos hierdie gesê: "Nou, Natánael, ek, of, Filippus, ek het jou altyd geken as 'n goeie, regdenkende man. En kom sê jy vir my dat—dat die Messias uit Násaret kom? Wel, die Messias kom nie uit Násaret nie, kom uit Betlehem, so dan gaan sê jy my al hierdie dinge."

66 "Wel," het hy gesê: "moenie begin kritiseer nie, jy mag dit nie alles verstaan nie. Kom net, kyk daarna. Dit sou my nie verbaas as Hy nie weet wie jy is wanneer jy kom nie."

67 En hulle het gestap na waar Jesus gebid het; hulle mag in die gebedsry gekom het by Hom, ek weet nie. Maar soos hy in die Teenwoordigheid van Jesus gekom het, om Hom die eerste keer te sien, het Jesus gesê: "Daar is nou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!"

68 "Wel," het jy gesê: "sekerlik, hy is aangetrek soos hulle."

69 Al die oosterlinge het dieselfde aangetrek, hy kon Grieks gewees het, hy kon 'n Egiptenaar gewees het, hy kon enige van daardie Oosterse mense gewees het, hulle het almal die mantels en tulbande gedra net dieselfde, bebaard. Maar Jesus het geweet dat hy 'n gelowige was, 'n Israeliet. Hy kon 'n skynheilige gewees het, hy kon 'n ongelowige gewees het, maar Jesus het gesê: "'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie."

70 Sonder twyfel dat die, Filippus in die instruksiediens, omtrent vyftien myl om die berg, hom onderrig het in die Skrifte, hy was gereed.

71 Dis hoekom Broer du Plessis hier is om te probeer onderrig. Ek het hom hoor sê hy was omtrent tien jaar in die dienste. 'n Eerbare man, 'n man dat julle sy woord kan vat, hy sal nie sy eie woord gee nie, dit sal God se Woord wees. Maar om die mense te leer, sodat hulle. . .En julle luister na wat hy te sê het. Ek en Broer du Plessis het nog nooit tevore op hierdie manier saamgewerk nie. Maar ek—ek het hom hoor sê. . .Ek het nie geweet hoe lank hy nog in die dienste was nie; ek weet nooit, mense het net gekom en gegaan. Maar ek het geleer om hom lief te hê en te weet dat hy 'n goeie man was met 'n hoë reputasie om die wêreld onder al die kerke.

72 En Filippus, het waarskynlik 'n instruksiediens gegee. En toe hy in die Teenwoordigheid van Jesus gestaan het saam met Natánael, het Hy gesê: "Daar's nou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!"

73 En dit het hom verstom, hy het gesê: "*Dit mag die God-Profeet wees waarvan Moses gepraat het, want Hy sal 'n Profeet wees, maar Hy sal die God-Profeet wees*." So hy het gesê: "Van waar ken U my, Rabbi?" Met ander woorde: "U het my nog nooit gesien nie, hoe kan U enigiets van my af weet?"

En Jesus het omgedraai en gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." Dit het dit afgehandel.

Gesê: "Rabbi, U is die Koning van Israel; U is die Seun van God."

74 Dit was Jesus gister, en die teken van die Messias gister, dit moet die teken van die Messias vandag wees.

75 Daar was sommige van hulle wat daar gestaan het, natuurlik, wat dit nie geglo het nie, baie goeie, geleerde manne, rabbi's, dokters van die wet, groot manne, heilige manne dat jy nie jou vinger op hulle lewe kon lê nie, as hulle sou wees, sou hulle gestenig word. Hulle het gekom uit 'n geslag van predikers vir honderde jare, hulle ken die hele wet.

76 Dis een ding om die Bybel te ken, en 'n ander ding is om die Outeur van die Bybel te ken. Nie: Om die Bybel te ken, het jy Ewige Lewe nie; maar om Hom te ken, het jy Ewige Lewe, om Hom te ken. Jy mag nie een Woord van Sy Bybel ken nie, maar as jy Hom ken in die krag van Sy opstanding, is dit Ewige Lewe.

77 Nou, ons let op hoe vreemd hierdie was. En sodra hy dit herken het, het hierdie stoere Hebreër voor Hom neergeval en herken dat dit die teken van die Messias was. Dis hoe ware gelowige Jode altyd gemaak het. Maar daar was daardie Jode daarrond wat gedink het hulle was gelowiges, aanspraak gemaak

het om gelowiges te wees, en natuurlik, het hulle teruggestaan en hulle het gesê in hulle, nou onthou, die Skrif het gesê hulle het dit in hulle gedagtes gehad, hulle het dit nooit uit hulle lippe uitgespreek nie. Jy hoef nie met jou lippe te praat nie, God weet waaraan jy dink. Hebreërs die 4de hoofstuk sê die—die Gees van God is selfs 'n Onderskeier van die gedagtes van die verstand, Onderskeier van die gedagtes van die verstand.

78 Daar was. . .Hulle was in die Teenwoordigheid van God, en hierdie Hebreeuse geleerdes het dit nie herken nie, en hulle het in hulle harte gesê: "Hierdie man is 'n fortuinverteller, of Beëlsebub," wat 'n duiwel is. Fortuinvertellery is van die duiwel, al daardie werke van duisternis is van die duiwel, waarsêers, en—en hierdie gedagtelesers, telepatiste, en alles wat van die duiwel is. Dit preek nie die Evangelie om siele te red nie, die vrugte van die gees bewys wat dit is. Jesus het gesê: "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken."

79 Het Jannes en Jambres nie reg langs Moses gestaan nie? Reguit soontoe gekom, en Moses het die opdragte uitgevoer net presies soos God vir hom gesê het om te doen, die—die stok neergegooi en dit het 'n slang geword, en daar was Jannes en Jambres wat daar gestaan en hulle stokke neergegooi en slange geword het.

80 Het die Bybel nie gesê dat daardie selfde geeste op die toneel sou verskyn in die laaste dae nie? Geen wonder ons koerante skryf al hierdie telepatie, en dimensies, en alles nie, dis die duiwel wat opkom. Maar God sal Sy Kerk beskerm: "Wanneer die vyand inkom soos 'n vloed, sal Ek 'n standaard daarteen oprig." Dis reg. "My skape ken My Stem."

81 Kyk na die vrugte van hulle, baie van hulle heidene, ongelowiges. Wat doen hulle? Hulle preek nie die Evangelie, bid vir die siekes, ensovoorts, en probeer goed doen nie, dis alles oor een of ander dooie persoon, of iets, sekere magte, en die koerant het dit oor die land versprei; Jesus Christus kom op die toneel met Sy krag, en hulle bespot dit.

82 Hoe kan ons die toorn ontsnap wat op die aarde kom? As God hierdie Verenigde State laat wegkom met hierdie ongeregtigheid, sal Hy verplig wees om Sodom en Gomorra op te rig en om verskoning te vra dat hulle verbrand is. Dis reg. Hy's regverdig en eerlik, waar. Hy moet regverdig wees, Sy heiligheid verg dit. Hy moet haar oordeel gee, en sy is op pad soontoe, onthou dit.

83 Maar toe Moses sy bevele uitgevoer het, en hier het 'n nabootser daar gestaan wat dieselfde ding doen wat Moses gedoen het, het Moses nie geweet wat om toe te doen nie, dan is dit tyd vir God se soewereine genade om ingery te kom; dis wanneer dit altyd so is.

84 Dis wat dit was bo by Portland die keer, soos julle daar in die boek gelees het, daardie maniak het na die platvorm toe gekom

om my dood te maak omdat ek hierdie Woord gepreek het, en in Afrika voor die toordokters, en—en in Indië voor die heilige manne, genoem: en al hierdie vals duiwels, ek het nog nooit 'n tyd gesien wat die Gees van God nie daar gestaan het en daardie ding uitgedaag en dit uitgewys het nie. Letterlik tiene van duisende maal duisende het voor die kruis geval om dit te glo. Sekerlik, Hy's Jesus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

85 Wanneer ons aan die einde van die pad kom, is dit God se tyd om op te tree. Die Bybel het gesê dat hulle sou opstaan, maar hulle dwaasheid sou gemanifesteer word, so ons . . . soos—soos hulle s'n was.

86 So ons sien, dis hoe God Homself gemanifesteer het deur Jesus, Hom die Messias gemaak het.

87 Nou, net vir nog een aanhaling, miskien. Die ortodokse Jode het gesê: "Hierdie man is van die duiwel, hy het Beëlsebub se gees op hom." Beëlsebub was 'n duiwel, en hulle het gedink dat Hy hulle fortuin vertel het, of gedagtes lees.

88 En nou, hier's een ding wat ek by julle mense wil tuisbring: Jesus het omgedraai, en hulle gedagtes onderskei, nie wat hulle gesê het nie, wat hulle gedink het, daarna gekyk, hulle gedagtes onderskei, en Hy het gesê: "Julle daardie woord teen die Seun van die mens sê, sal dit julle vergewe word, maar wie ook al 'n woord teen die Heilige Gees sal spreek, sal nooit vergewe word nie.

89 Wat het Hy geprofeteer? Dat daar 'n dag sou kom na Sy verheerliking, en die Heilige Gees wat na die Kerk toe kom, hierdie dae, dat die Heilige Gees hier sou wees en dieselfde ding sou doen, dan sal 'n woord Daarteen nooit vergewe word nie. Dis die onvergeeflike sonde.

90 My ou suidelike mamma het altyd vir my gesê dit was 'n vrou wat 'n kind geaborteer het, julle weet, en met 'n kind; en dan, het ek ander gehad wat gesê het dit was 'n man wat selfmoord gepleeg het. Dis nie, dis nie so nie, want die Bybel het gesê: "Hulle het die Gees van God 'n onrein ding genoem." Daardie Gees van God genoem, wat op die Messias was, wat hulle behoort te geweet het dat Hy die God-Profeet was wat belowe is, en hulle het gesê Hy's 'n duiwel: Die onvergeeflike sonde.

91 Daar was nog een klas mense aan wie Hy hierdie ding moes manifesteer. Jy kan verder gaan deur die Skrifte, en dit die heelpad vind. Maar nog een gedagte waarop ek julle aandag wil vestig: Johannes 4: "Jesus moes deur Samaria gaan." Ek wonder hoekom. Dit was nie presies op Sy pad nie, Hy was op pad na Jérigo, Hy moes bo om Samaria gaan. So, Hy moes soontoe gaan. Hoekom? Die Skrifte sê so, die Vader het Hom gelei.

92 Kyk na die opstanding van Lasarus, toe Lasarus . . . Hulle het geroep, gebid vir . . . het vir Jesus laat weet om vir Lasarus te kom bid, en Hy het aangegaan.

Toe na *soveel* dae, waar die Vader Hom gewys het, het Hy gesê: "Ons vriend Lasarus slaap."

Hy het gesê: "Hy doen goed."

93 Toe het Hy in hulle taal gesê: "Hy's dood. En om julle ontwil, is Ek bly Ek was nie daar nie." Omdat hulle Hom sou oorreed het om te bid, of Lasarus te genees. Maar die Vader het vir Hom gesê wat om te doen, Hy kon nie die Woorde van God verbreek nie, dit moes so wees. Gesê: "Maar Ek gaan om hom wakker te maak."

94 Kyk na die graf: "Vader, Ek dank U dat U My alreeds gehoor het, maar Ek sê dit vir hulle wat hier staan." God het vir Hom 'n visioen gewys om die stad te verlaat, Hom gewys van Lasarus se dood. "Want," het Hy gesê: "Ek doen niks totdat die Vader My wys nie." Toe hier het Hy teruggekom, en Hy het geweet die opstanding gaan seker wees, want God het Hom gewys. En Hy het met hom gepraat, en die dooie man het gelewe.

95 Nou, hierdie mense van Samaria, wat half Jood en Heiden was, hulle het genoeg Joodse bloed in hulle gehad en genoeg godsdiens, dat hulle gesoek het na die Messias.

96 En toe soos hulle . . . Eendag het Jesus gekom en gesit op die, net iets soos hierdie panoramatjie hier van die putjie, en—en al die dissipels het ingegaan om kos te kry. Terwyl hulle in was, het 'n pragtige, jong vrou uitgekom na die put toe om bietjie water te kry, en sy het Hom miskien nie opgelet nie.

En Hy het gesê: "Vrou, bring vir My water om te drink."

En sy het oorkant toe gekyk en 'n middeljarige Man gesien.

97 Hy was net dertig, maar Hy is vyftig geskat. Gesê: "Jy sê dat jy nie 'n man van oor vyftig jaar oud is nie, en jy het Abraham gesien? Nou weet ons jy het 'n duiwel."

Jesus het gesê: "Voor Abraham was, IS EK."

98 Maar sy het gesê: "Dis nie die gebruik vir julle Jode om 'n vrou van Samaria so-iets te vra nie, ons het niks met mekaar te doen nie, daar's segregasie." Gesê: "Ons het niks met mekaar te doen nie."

99 Maar Hy het gesê: "As jy geweet het met Wie jy praat," kyk, Hy maak kontak met die vrou se gees, "as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink."

100 Sien, die gesprek het voortgegaan vir 'n hele rukkie. Wat het Hy gedoen? Nou kyk, dis Jesus gister, Hy het kontak gemaak met haar gees, gevind wat haar probleem was. En die gesprek het voortgegaan oor aanbid by Jerusalem of in die berg. En binne 'n paar oomblikke, het Jesus gesê, het Hy gevind waar haar probleem was, Hy het gesê: "Gaan, haal jou man, en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

Gesê: "Jy het reg gesê, want jy het vyf, en die een met wie jy nou saamleef, is nie joune nie. Jy het reg gesê."

101 Nou hou haar dop, sy het nie gesê: "Jy's 'n duiwel, 'n Beëlsebub," nie. Vinnig, het sy opgestaan. Ek kan haar groot donker oë sien blink, sy het die sluier om haar kop getrek, sy het gekyk, sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is." O, goeiste! Sy het meer van God af geweet as wat baie predikers vandag weet. Dis reg. Ek haat om dit te sê, maar dis waar, sy het meer van God af geweet. Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is."

102 Hoeveel sal met haar saamstem? Almal van ons. Hy's 'n God-Profeet wat—wat Moses gesê het sou kom, sy het dit geweet. Luister na haar woorde: "Ek sien dat U 'n profeet is." Nie 'n Beëlsebub, soos die leraars gesê het nie. Maar: "U is 'n profeet. Ons weet, ons Samaritane weet dat wanneer die Messias kom, Hy vir ons hierdie dinge sal vertel." Sien, dit sou die teken van die Messias wees. "Die Messias sal ons alles vertel wanneer Hy kom."

103 Met ander woorde: "U moet Sy—Sy profeet wees, want U het dit geweet, dit was iets, my probleem, dis waar ek in die moeilikheid is, is deur 'n ontugtige vrou te wees. En U ken my nie, U is 'n Jood, en ek is 'n Samaritaan. Maar ek word geleer en glo dat die Messias dit sal doen. Maar Wie is U?"

Jesus het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat." O, wat 'n Woord!

Daarna het sy die waterpot laat val en in die stad ingehardloop en gesê: "Kom, sien 'n Man Wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die Messias nie?"

104 Wat is die werke van God? Nou onthou, daardie teken is nie vir die Heidene gegee nie, jy vind dit nie in die Skrifte nie. Hoekom? Hulle het nie daarna gesoek nie. Maar nou is daar nog een geslag mense oor, nog een, ek sou dit *klas* noem, of *bloedlyn*, of wat jy dit ook al wil noem, van mense, dit was die Heiden. Hy het geprofeteer in die laaste dae wat sou plaasvind, en die, dat Hy hulle sou vergewe vir hulle gespot, en sê Dit was 'n bose gees, maar die Heidene sou beter weet.

105 Nou is ons aan die eindtyd van die Heidense tydperk. Wanneer God op die toneel geroep word, moet Hy elke keer optree soos Hy die eerste keer optree. As 'n sondaar ooit bely en vir God gevra het om hom te vergewe, en God het hom vergewe op grond van sy belydenis, moet God op dieselfde manier optree as die volgende sondaar Hom aanroep.

106 Sien, ons is eindig, Hy's oneindig. *Oneindig*, jy net, jy kan nie verduidelik wat *oneindig* is nie. En hier's een klein begrippie van wat dit is: Voor die wêreld ooit gevorm is, het Hy geweet van elke vlooi wat op die aarde sou wees, en elke keer wat hy ooit sy oë sou knip. Nou, dit sou nie halfpad maak wat oneindig is nie. Hy het alles van die begin tot die einde geweet.

Iemand, ek het so ’n opmerking gemaak, en hulle het gesê: “Waarom het Hy dan sonde toegelaat?”

107 Sonde werk vir Sy doel. Binne-in God het al die groot heerlikheid gewoon. As daar nie ’n sondaar was nie, sou Hy nooit ’n Verlosser gewees het nie. Binne-in Hom was die eienskappe van ’n Verlosser, en sonde moes ditself projekteer sodat Hy ’n Verlosser kon wees. Wat is die sterkste, ’n sonde, ’n sondaar, of, sonde of genade? Genade, natuurlik. Wat is die sterkste, ’n siekte of ’n Geneser? Wel natuurlik, die—die Geneser het mag oor die siekte. En God, as daar nooit siek persoon was nie, sou Hy nooit ’n Geneser gewees het nie, so daar moes siekte wees om Hom te maak wat Hy is, ’n Geneser; daar moes sonde wees om Hom te maak wat Hy is, ’n Verlosser. Sekerlik.

108 Nou het die Heidene se tyd gekom; ons het deur al hierdie tydperke gegaan.

109 Ek het nog een klein dingetjie, ek weet ek neem baie van julle tyd op, nog een klein stellinkie: Het julle opgelet net voor die eindtyd vir Sodom en Gomorra? Waar ek oplet dat hierdie pragtige stad, saam met al die ander stede, geteister is tot op breekpunt met verdraaidheid, net soos dit was in die dae van Sodom. Sien julle die koerante, ensovoorts, en hieroor, die berigte daarvan, hoedat dit aan die toeneem is? Net elke jaar ditself verdubbel, verdraaidheid: die eindtyd teken. Dis hoe Sodom was.

110 Maar net voor. . . Nou, daar’s—daar’s twee klasse mense hier, drie klasse. Daar’s altyd. . . Moet nooit daardie drie verlaat (Die wiskunde van die Skrif, soos Vader, Seun, Heilige Gees, ensovoorts.), daardie wiskunde verlaat nie, as jy by hulle bly, sal dit die prentjie reg laat inkom, soos om jou legkaart aanmekaar te sit.

111 Nou, daar was, onder in Sodom was daar die rou sondaar wat geen belydenis gehad het nie, daar was Lot en sy vrou en kinders wat belydenis gehad het, en daar was Abraham wat die Uitverkorenes was. Glo julle daar’s ’n Uitverkorenes, uitverkies deur die voorkennis van God? Sekerlik, julle glo dit, enige Bybelleser doen dit.

112 Nou let op, net voor die eindtyd. Wat was dit? Net voor die Vuur geval het, het hulle boodskap na boodskap gehad, waarskuwing na waarskuwing deur Lot wat preek, dis die pastoor, Lot. Die Bybel het gesê dat die sondes van daardie volk sy regverdige siel ontstel het. En hy het vir hulle gepreek, maar dit het niks gehelp nie, hulle het dit geweier soos lekelidmate, net soos hulle vandag met die pastoor maak. Hulle het gesê: “Ag, onsin!”

113 Maar daar het drie manne uit die Hemel neergedaal. Let op: Een van hulle het gestop en met Abraham gepraat, twee van hulle, ’n moderne Billy Graham, ensovoorts, afgegaan in Sodom

en gepreek vir die herlewing, hulle uitgeroep wat geskik was om uitgeroep te word. Maar let op: Een het agtergebly by Abraham.

114 Nou, laat ons net die prentjie hier dophou. Nou, hulle het al aangegaan, en Hy het gesê: "Sal Ek enigiets van Abraham weerhou, aangesien hy die erfgenaam van die wêreld is?" En Hy het Sy rug na die tent toe gehou. En Sara het in die tent gebly, en het miskien voorberei, of gebrei, of iets in die tent gedoen.

115 En hierdie Man in menslike vlees, wat tog God was, Abraham het gesê Dit was God, Hom Elohim genoem, die Groot Jehova, maar Hy was in menslike vlees wat die vleis van 'n kalf geëet en die melk van die koei gedrink en bietjie botter en mieliebrood geëet het; Hy was Mens, maar tog was Hy God. Maar God het iets daar gewys vir die Uitverkorenes, vir die Kerk vandag, vir hulle hulle laaste teken gegee, net voor die val van die Vuur.

116 Hy het Sy rug gedraai gehad, gesê: "Abraham," soos hierdie: "jy het nou vir hierdie baba gewag vir vyf-en-twintig jaar, jy's 'n honderd jaar oud, Sara is negentig, maar Ek gaan jou volgende maand besoek, volgens die tyd van die lewe."

117 En Sara, binne die tent, en die Bybel verklaar dat die Engel Sy rug gedraai gehad het na die tent (Wat is 'n Engel? 'n Boodskapper.), het Sy rug gedraai gehad, die Bybel het gesê dat Sy rug gedraai was na die tent, en Sara in die tent was, en toe Hy dit vir Abraham gesê het, het Sara gegaan: "*Humph!*" soort van by haarself gelag. En Hy het gesê: "Waarom het Sara gelag?" Watter soort telepatie was dit? "Waarom het Sara gelag?"

Sy het gesê: "Ek het nie gelag nie."

Hy het gesê: "O, ja, jy het."

118 Sy was bang, sy het gewonder: "Wat was hierdie?" Dit was meer as 'n man wat sou weet met Sy rug na die tent, en sy agter, agter die gordyne in, en lag. Hoe het Hy dit geweet? Dit moes meer as 'n man wees, Dit was God wat Homself in menslike vlees manifesteer.

119 'n Paar oomblikke het hulle 'n offerande geoffer, en Hy: "*Whew!*" het reg voor hulle verdwyn. Dit was God. Wat was dit? Die laaste teken wat die uitverkore Kerk gehad het voor die vernietiging. Nou hou dit in gedagte.

120 Die Samaritane, sodra hulle teken vir hulle gegee is, het hulle uitgekom en na Hom geluister en Hom geglo. Jare het verbygegaan, die Heidense Kerk het ontstaan, Dit het tweeduisend jaar van kerke gehad, en—en herlewings, ensovoorts, en dit was wonderlik.

121 Veertig jaar gelede, toe Mev. McPherson, en baie van die groot gelowiges wat in daardie dag gelewe het, toe die Heilige Gees uitgestort is op die Kerk, en groot gawes begin herstel is, soos die onbekende tale en die uitleg, groot genesingsdienste, en Engele

wat sing in die tempels, ensovoorts, dit was groot, maar ons is nou aan die eindtyd, hierdie is omtrent vyftig jaar later.

122 Nou, is Hy dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? Ken Hy die geheim van die hart? Gaan Hy steeds Sy Woord hou? En as God Homself bekend gemaak het deur Jesus as die Messias deur daardie teken, sou Hy onregverdig wees, en hulle iets gegee het wat Hy ons nie gegee het nie, as Hy Homself nie op dieselfde manier manifesteer aan hierdie Kerk vandag nie. As Hy dit gedoen het vir die Jode en vir die Samaritane, het Hy 'n verpligting, deur Sy heiligheid en deur Sy geregtigheid, om Homself te manifesteer aan die einde van hierdie tydperk, want ons lewe in die afsluiting van die dag van hierdie Christelike bedeling.

Kom ons bid.

123 Here, Groot God van Hemel en aarde, Wat alles gemaak het deur Jesus Christus U Seun, vergewe ons, O Here, van ons sondes en ons tekortkominge. En wanneer ons van sonde praat, Here, weet U dat daar net een sonde is, en dit die sonde van ongeloof is. "Want hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel." Maak nie saak hoe regverdig hy is, of hoeveel hy gedoen het, of wat ons gedoen het nie, dit maak geen verskil nie, ons moet glo.

124 En ek bid, God, dat U die krag van die herrese Jesus in ons harte sal vestig. Laat ons nie daardie soort mense wees wat na 'n gawe sou kyk nie, laat ons nie die tipe mense wees, soos dit aan ons uitgedruk is deur Broer du Plessis vanaand, te dink dat die persoon wat die Boodskap bring, enigiets daarmee te doen het nie, niks meer as net gehoorsaamheid aan God en Sy wil nie; iemand moet dit doen, niemand van ons is waardig nie. En ons bely dat ons nie waardig is nie, maar dis U genade wat dit belowe het, en U Woorde is waar.

125 Ek kan dink, Here, as 'n klein seuntjie, om te lees van Aimee Semple McPherson, en die kritiek wat ons partymaal in die koerante sou vind, wat hulle gesê het sy aanspraak gemaak het om mense te genees. Hoe ons uitgevind het hoe vals dit was! En ons het gelees van, en het gehoor van die grotes, van Dr. Price, en van die F.F. Bosworth, en groot gelowiges wat voor hierdie dag gelewe het, hulle het almal gekyk en geprofeteer van die dag wat sou kom wanneer die Kerk Sy manifestasie sou ontvang van die Teenwoordigheid van Sy Verlosser onder hulle, op groter maniere wat Dit Dit toe ontvang het.

126 O Here, hoor my, en antwoord my nederige uitroep, soos ek U bid, Here, dat mans en vroue hierbinne, en waar ook al, en diegene wat sal vergader, hulle nie sal dink dat dit een of ander eenvoudige man is nie, maar mag hulle besef dat dit die belofte van God is, dat Jesus gemanifesteer sou word aan hierdie Heidense tydperk, soos Hy het aan die Jood en Samaritaan, want ons het gesê dat Hy soewerein is, en wanneer Hy optree, moet Hy

elke keer dieselfde optree. Ons besef, O Here, omdat ons eindig is, dat ons kan belowe en dan nie in staat wees om dit te vervul nie, maar U, Here God, kan nie belowe en nie in staat wees nie, want U is God, U is oneindig, en U weet alles.

127 En ons bid dat U Gees die mense so sal salf in hierdie Angelus Tempel, en diegene wat sal inkom, dat daar 'n outydse herlewing van die uitstorting van die Heilige Gees hierdie plek sal tref, en mag Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, en al die kerke van die lewende God die voordele ontvang. En mag daar 'n herlewing op-en-af met hierdie Weskus kom, wat letterlik tienduisende na die Here Jesus toe sal laat kom.

128 Here, skenk dat ons hierdie groot porsie sal ontvang, die Angelus Tempel, hierdie komende week, en hierdie komende dienste. Want ons vra dit, in Jesus' Naam, en om Sy ontwil. Amen.

129 Nou, die Here seën julle. Hoeveel, voor . . .?

59-0404 Wat Is Die Werke Van God?
Angelus Tempel
Los Angeles, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org